
# KOM ONS GAAN SKOOL TOE: COVID 19



'n GIDS / STORIE VIR JONG KINDERS

MARTIE JANSE VAN RENSBURG

COPYRIGHT@2020 by author Martie Janse van Rensburg

No part of this book may be used or reproduced in any manner whatsoever without written permission except in the case of brief quotations embodied in articles or reviews.

This is a work of fiction. Names, Characters, businesses, organizations, places, events, and incidents are the product of the author's imagination or are used fictitiously. Any resemblance to actual living or dead is entirely coincidental.

Iets vreemds het gebeur.
iets so eienaardig...
selfs meer eienaardig as mars mannetjies
wat die aarde oorneem.





**Hello maaitjie!!!**

Die aarde se besoeker
is niemand anders as 'n groen **VIRUS**,
en 'n virus weet almal
is iets wat niemand kan **SIEN**,
behalwe met 'n spesiale **mikroskoop**
dit rym met **teleskoop**.

As jy na sy foto kyk
is hy maar 'n lelike ou,
met steeksels en tande,
wat vir jou **grom**
en aan jou **klou**.



Die goeie nuus is wetenskaplikes,
is hard besig om
aan medisyne te werk
wat die virus
sy alie gaan laat sien.



**'n Alie is mos 'n albaster -jy weet!**

As jy my vra weet ek
nie hoekom almal
so bekommerd is,
aan die begin het ek baie van
Corona gehou,
hy was regtig die koelste ou!

HOEKOM? Vra jy.
raai, raai
...
hy het SKOOL laat waai!!



**MAAR,**

Iets verskriklik het gebeur.
Ons mag nie meer pizza kry,
driestuk hoenderstukkies
draai roomys.
gaan fliek,
of dieretuin toe gaan.
Ek wou net **huil!**
Iets nog erger het gebeur,
my ma het JUFFROU **geraak**,
en pouses moet ek nou help
**HUISSKOONMAAK!**



**O genade, O groentesop**

my mamma vat juffrou te ernstig op,

sy gil op ons so hard dat ons ore tuit,

en die papegaai fluit!




*TE ERG IS DAREM TE ERG!*

Selfs ons pa het deurgeloop,
hy wou nog lê en fliek kyk,
toe begin ma hom **invlieg**,
**nou**
*tim*mer pa **hier**,
en grawe daar,
dan lyk hy besig en ma dra koffie
aan vir sy **plesier**.



Ek het selfs vir ouma gebel,
ouma is in 'n ander provinsie,
en ons mag nie kom kuier,
miskien het sy 'n plan met Ma.
Dit is mos haar kind!


In pleks van planne,
kla ouma by my
want oupa **grom**
en **brom!!!**



Gister het ons die beste nuus gekry.

Die skool gaan begin!
Sjoe, wat 'n verligting!

Juffrou stuur die volgende brief,



Blaai om:

1. Elke kind moet 'n lap masker dra.

2. As jy hoes, of jy proes of selfs net groet, gebruik jou ELMBOOG!!

3. As jy by die skool kom staan in 'n lyn 1.5 meter weg van jou maatjie.

4. Juffrou gaan jou koors neem.

5. Jou hande, jou tas en jou skoene word saniteer.

6. As jy badkamer toe gaan WAS jou hande met SEEP vir TWINTIG tellings. Kan jy tel tot 20?

7. Voltooi 'n vraelys. Voel jy siek?
Is jy kortasem? Is jou keel seer? Was jy naby iemand wat Corona het, in laaste 14dae?

Al die reëls maak my kop
deurmekaar.
Ek is bang om te vergeet,
gelukkig is juffrou daar,
en sy raak nie vir jou kwaad soos
mamma!

Die beste van alles
Met my masker op,
kan ek skelm 'n lekker in my
mond druk,
en 'n gaap hoef ek nie weg te
sluk
want niemand gaan my sien!

Nou weet jy ook hoe om veilig te wees. Onthou eet gesond, oefen gereeld, en hou jou masker aan en, hoes en groet met jou elmboog.



As jy 'n onseker is vra jou Juffrou of Mamma.